Om Vullisverwydering, vullishope en die wegdoen van vaste afvalstowwe en aktiwiteite te reguleer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

**AANHEF**

AANGESIEN artikel 156 (2) en (5) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge mag uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer, en enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot 'n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met die doeltreffende verrigting van sy funksies;

EN NADEMAAL Deel B van Bylae 4 van die Grondwet, Vullisverwydering, vullishope en die wegdoen van vaste afvalstowwe lys as 'n plaaslike regeringsaangeleentheid in die mate soos uiteengesit in artikel 155 (6) (a) en (7);

EN NADEMAAL die Swellendam Munisipaliteit poog om Vullisverwydering, vullishope en die wegdoen van vaste afvalstowwe te reguleer;

VERORDEN die Swellendam Munisipale Raad soos volg:—

**INHOUDSOPGAWE**

1. Woordomskrywings
2. Teenstrydigheid met ander wetgewing
3. Toepassing van verordening
4. Pligte en bevoegdhede van Munisipaliteit
5. Verpligte gebruik van diens
6. Instelling en beheer van wegdoeningsterrein
7. Toegang tot wegdoeningsterrein
8. Afhaal van afval
9. Eienaarskap van afval
10. Kategorisering van afval
11. Skeiding van afval
12. Voorsiening van afvalhouers
13. Plasing van afvalhouers
14. Onderhoud van afvalhouers
15. Afhaal van afval
16. Toegang tot persele
17. Reg van toegang
18. Storting en rommelstrooiing
19. Verbranding van afval
20. Koste
21. Vrystellings
22. Skakelforums in gemeenskap
23. Magtiging en betekening van bevels, kennisgewings en ander dokumente
24. Appêl
25. Strafbepalings
26. Herroeping van verordeninge
27. Kort titel en inwerkingtreding

## 1. Woordomskrywings

In hierdie Verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenis:

"afval" sluit in—

(a) "besigheidsafval" wat beteken enige saak of stof wat ontstaan deur die gebruik van besigheidspersele maar sluit nie gevaarhoudende afval, materiaal, huishoudelike afval of tuinafval in nie;

(b) "huishoudelike afval" wat beteken enige vrugte of groente skille, vrugte of groente afval, algemene huishoudelike afval wat van sodanige grootte is dat dit in 'n vullisdrom gelaat mag word maar sluit nie tuinafval in nie;

(c) "tuinafval" wat beteken afval wat voortspruit uit 'n tuin aktiwiteit soos gras snysels, blare, plante, blomme of soortgelyke afval van plantaardige oorsprong en van sodanige grootte dat dit in 'n vullisdrom geplaas mag word;

(d) "gevaarhoudende afval" wat beteken enige afval, saak of stof wat gevaarhoudend of skadelik vir die omgewing en inwoners mag wees of die omgewing mag besoedel ingesluit asbes, motorolies of smeermiddels, of enige ander afval, saak of stof wat gevaarhoudende afval bevat soos beoog in die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet 15 van 1973);

(e) "aanstootlike afval" beteken enige afval, saak of stof wat skadelik vir die omgewing en inwoners mag wees en sluit in, maar nie beperk nie tot—

(i) dierprodukte, dierkarkasse en vleis soos omskryf in die Wet op die Veiligheid van Vleis, 2000 (Wet 40 van 2000) en in die Rooivleis Regulasies uitgevaardig ingevolge GK 1072 van 17 September 2004;

(ii) vrugte of groente of enige byprodukte verkry van sodanige vrugte of groente;

(iii) bederfbare kossoorte; en

(iv) gesondheidsorg afval soos omskryf in die Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Gesondheidsorgafval, 2007 (Wet 7 van 2007);

(f) "materiaal" wat beteken enige klip, rots, sand, boumateriaal of bourommel of enige ander soort kombinasie of kunsmatige materiale soos plastiese pype en soortgelyke materiale asook materiale wat gebruik word in die oprigting van geboue of strukture of enige ander materiale wat materiale verteenwoordig;

"afvalbestuursaktiwiteite" beteken die generering, vermindering en minimalisering van afval, afval hantering, wat insluit die skeiding, berging, afhaal, en vervoer van afval, verwerking van afval en afvalbehandeling, wat insluit die herwinning van afval, herwinning behelsende die hersirkulering, terugwinning en hergebruik en wegdoen van afval;

"afvalhouer" beteken 'n mobiele houer met 'n kapasiteit bepaal en verskaf deur die Munisipaliteit, of alternatiewelik, plastieksakke geskik vir die doel om afval in op te gaar.

"afval oorlaai- en herwinningstasie" 'n afval-hanteringsfasiliteit waar afval, insluitende herwinbare afval of 'n kombinasie daarvan, ontvang en tydelik geberg word;

"eienaar" beteken ook huurder, okkupeerder, bewoner of enige ander persoon wat 'n voordeel van die perseel verkry of daarop geregtig is en sluit ook in enige insolvente boedel, eksekuteur, administrateur, trustee, likwidateur of geregtelike bestuurder;

"munisipaliteit" beteken die Swellendam Munisipaliteit ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) en sluit enige politieke strukture, politieke ampsbekleër, raadslid, behoorlik gemagtigde agent of enige werknemer in handelende ingevolge hierdie Verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid wat in die Munisipaliteit berus en gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke strukture, politieke ampsbekleër, raadslid, agent of werknemer;

"opsigter" beteken 'n werknemer van die Munisipaliteit of agent van die Munisipaliteit wat behoorlik gemagtig is om in beheer te wees van die wegdoeningsterrein;

"perseel" beteken residensieel-, besigheids- en nywerheidspersele en sluit in enige grond, hetsy vakant, geokkupeer of met geboue daarop, wat deel vorm van 'n stuk grond uitgelê as 'n dorp, binne die regsgebied van die Munisipaliteit, ongeag of dit geproklameer is as 'n dorp;

"persoon" het die betekenis wat deur die Interpretasiewet, 1957 (Wet 33 van 1957), daaraan geheg word en sluit 'n staatsorgaan in.

"verwyderingsdatum" beteken die dag vasgestel deur die Munisipaliteit vir die verwydering van afval van persele en afhangend van die geval mag dit veelvuldige verwyderings per week wees.

"wegdoeningsterrein" 'n terrein wat ingevolge die bepalings van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), soos gewysig, gelisensieër is vir die doel om sodanige afval weg te doen of te behandel en dit sluit 'n afval oorlaai- en herwinningstasie in.

## **2. Teenstrydigheid met ander wetgewing**

- (1) In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie Verordening en Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standarde, beleid of riglyne, sal sodanige Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standarde, beleid of riglyne voorrang geniet onderhewig aan artikels 151(3) en 156(4) van die Grondwet.
- (2) In die geval van enige teenstrydigheid tussen verskillende vertalings geld die Engelse teks.

## **3. Toepassing van verordening**

- (1) Die bepalings van hierdie Verordening doen nie afbreuk aan die bepalings van enige omgewingswetgewing of enige ander wetgewing wat voorsiening maak vir die verwydering of wegdoen van spesifieke tipes vullis of afval soos in daardie wetgewing bepaal nie.
- (2) Hierdie Verordening bind 'n staatsorgaan.

## **4. Pligte en bevoegdhede van munisipaliteit**

- (1) Die Munisipaliteit as die primêre diensverskaffer in die munisipale gebied het 'n plig teenoor die plaaslike gemeenskap om progressief effektiewe, bekostigbare, ekonomiese en volhoubare toegang tot afvalbestuursdienste in sy gebied of deel van sy gebied, te verseker.
- (2) Hierdie plig is onderhewig aan—
- (a) die plig van lede van die plaaslike gemeenskap as gebruikers van die Munisipaliteit se afval bestuursdienste of enige ander persoon wat van die Munisipaliteit se afval bestuursdienste gebruik maak, om die voorgeskrewe koste vir die voorsiening van die dienste, wat geprys moet word in ooreenstemming met enige nasionale voorgeskrewe norme en standarde vir belastinge en tariewe, te betaal; en
- (b) die reg van die Munisipaliteit om tussen geografiese gebiede te differensieer wanneer soorte afval bestuursdienste voorsien word, sonder om diensgelykheid ooreenkomstig die Grondwet of die integriteit van die natuurlike omgewing te kompromitteer.
- (3) Die Munisipaliteit moet te alle tye, maar onderhewig aan die bepalings van hierdie Verordening, 'n diens voorsien aan gebruikers van die dienste teen 'n koste voorgeskryf deur die Munisipaliteit, voorsien—
- (a) vir die afhaal van afval op 'n gereelde basis, behalwe afval in sy gebied wat so geleë is dat die koste vir afhaal daarvan onredelik hoog sal wees; en
- (b) toegang tot fasiliteite vir die herwinning en wegdoen van afval.
- (4) Die Munisipaliteit moet alle gebruikers van sy afval bestuursaktiwiteite in kennis stel asook van besluite geneem ingevolge hierdie Verordening.

## **5. Verpligte gebruik van diens**

- (1) Niemand behalwe die Munisipaliteit of 'n persoon gemagtig deur die Munisipaliteit mag enige vullis van enige perseel verwyder of daarvan wegdoen nie.
- (2) Elke eienaar van persele waar 'n diens gelewer word, moet gebruik maak van die diens wat deur die Munisipaliteit voorsien word vir die verwydering of wegdoen van vullis, ten opsigte van vullis wat vanaf sodanige persele ontstaan.
- (3) Die tarief, soos jaarliks as deel van die begrotingsproses vasgestel deur die Munisipaliteit, sal deur die eienaar aan die Munisipaliteit betaalbaar wees, ongeag of van die diens gebruik gemaak word, aldan nie.
- (4) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op 'n eienaar van residensiële persele wat by geleentheid verlang om tuinvullis of bourommel wat op sodanige perseel gegenereer is, weg te doen nie.
- (5) 'n Persoon wat die bepalings van subartikels (1) en (2) oortree begaan 'n misdryf.

## **6. Instelling en beheer van wegdoeningsterrein**

Die Munisipaliteit mag 'n wegdoeningsterrein instel en beheer, of agente aanstel of 'n ander persoon of liggaam kontrakteer om 'n wegdoeningsterrein namens die Munisipaliteit te beheer, te bestuur en te bedryf ooreenkomstig die bepalings van hierdie Verordening en die bepalings van enige ander wetgewing wat van toepassing mag wees.

## **7. Toegang tot wegdoeningsterrein**

- (1) Slegs 'n persoon wat verlang om afval te stort en die voorgeskrewe gelde betaal het of wat in besit is van 'n skriftelike toestemming uitgereik deur die Munisipaliteit wat hom of haar toelaat om sodanige afval by 'n stortingssterrein te stort en 'n persoon wat die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit

verkry het om enige materiaal of voorwerpe op sodanige perseel te herbenut, is geregtig om die wegdoeningsterrein binne te gaan of op die terrein te wees.

(2) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel bevat in hierdie Verordening, mag enige werknemer van die Munisipaliteit of enigiemand wat namens die Munisipaliteit handel en behoorlik daartoe gemagtig is, 'n wegdoeningsterrein te enige tyd binnegaan vir die verrigting van sy of haar pligte.

(3) 'n Persoon wat van die wegdoeningsterrein gebruik maak of die wegdoeningsterrein binnegaan, doen dit op sy of haar eie risiko en die Munisipaliteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir die veiligheid van sodanige persoon of enige skade of verlies deur sodanige persoon nie.

(4) 'n Persoon wat die wegdoeningsterrein binnegaan of wat op sodanige terrein gevind word in stryd met die bepallings van hierdie artikel begaan 'n misdryf.

#### **8. Aflaal van afval**

(1) 'n Persoon wat verlang om afval by 'n wegdoeningsterrein te stort, moet sodanige afval aflaal op 'n plek binne die grense van die wegdoeningsterrein en op sodanige wyse soos die opsigter mag voorskryf.

(2) Die Munisipaliteit mag—

(a) enige deel van 'n wegdoeningsterrein opsyf waar slegs afval van 'n bepaalde soort gestort of agtergelaat mag word;

(b) die soort of grootte voertuig waarvan afval by enige wegdoeningsterrein gestort of agtergelaat mag word, beperk;

(c) die hoeveelheid afval in die algemeen of die hoeveelheid afval van 'n bepaalde soort wat by enige wegdoeningsterrein gestort of agtergelaat mag word, beperk; en

(d) die dae wanneer en ure waartydens storting by enige wegdoeningsterrein mag plaasvind, bepaal.

(3) Enige vereiste opgelê ingevolge hierdie Verordening moet vir die publiek aangedui word by wyse van 'n toepaslike kennisgewing wat by die ingang tot die betrokke wegdoeningsterrein opgerig is en enige instruksie uitgerelk deur 'n beampte van die Munisipaliteit of 'n persoon handelende namens die Munisipaliteit in beheer van toegang kontrole by die wegdoeningsterrein, sal streng nagekom word.

(4) Nieteenstaande die bepalinge van subartikel (2) behou die Munisipaliteit die reg voor om nie die storting van gevaarhoudende of offensiewe afval by 'n wegdoeningsterrein toe te laat nie.

(5) Nieteenstaande die bepalinge van subartikels (1) tot (4), mag die Munisipaliteit, in ooreenstemming met die betrokke skakelforum, beleid of riglyne bepaal om uitvoering te gee aan die bepalinge van hierdie artikel.

(6) 'n Persoon wat enige van die bepalinge van hierdie artikel oortree of versuim om gehoor te gee aan enige voorskrif in terme van gemelde beleid of riglyne begaan 'n misdryf.

#### **9. Eienaarskap van afval**

(1) Afval gestort by enige wegdoeningsterrein word die eiendom van die Munisipaliteit en geen persoon wat nie behoorlik deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig is nie, mag sodanige afval verwyder of daarmee inmeng nie.

(2) 'n Persoon wat subartikel (1) oortree begaan 'n misdryf.

#### **10. Kategorisering van afval**

Die Munisipaliteit mag, vir doeleindes van hierdie Verordening, afval in verskillende kategorieë kategoriseer.

#### **11. Skeiding van afval vir herwinningdoeleindes**

Die Munisipaliteit mag vereis dat afval in verskillende soorte en aard van afval geskei word vir die doeleindes van herwinning of vir enige ander doel ingevolge hierdie Verordening.

#### **12. Voorsiening van afvalhouers**

(1) Die Munisipaliteit mag—

(a) gestandaardiseerde afvalhouers, of alternatiewelik plastieksakke, voorsien vir die wegdoening van afval gegenereer op persele; en

(b) die gebruik van houers en deksels vervaardig van rubber of ander materiaal magtig waar die ontwerp en vervaardiging deur die Munisipaliteit goedgekeur is.

(2) Afvalhouers en plastieksakke voorsien ingevolge subartikel (1) bly die eiendom van die Munisipaliteit.

(3) Die Munisipaliteit mag spesiale afvalhouers voorskryf vir die ontvangs en berging van sodanige soorte afval soos deur die Munisipaliteit gespesifiseer mag word en mag by skriftelike kennisgewing

aan die eienaar van persele vereis om op sy of haar koste sodanige getal spesiale afvalhouers te voorsien soos bepaal in die kennisgewing.

(4) Waar enige afvalhouers voorsien word op persele—

(a) van 'n soort is wat waarskynlik die effektiewe verwydering van afval daarvan deur werknemers van die Munisipaliteit mag belemmer;

(b) onvoldoende is vir die ontvangs van alle afval wat deur die Munisipaliteit van sodanige perseel verwyder moet word;

(c) verval is; of

(d) waarskynlik 'n steurnis kan veroorsaak, mag die Munisipaliteit by kennisgewing van die eienaar van die perseel vereis om op sy of haar koste 'n addisionele getal afvalhouers of sodanige ander bergingsbak soos nodig mag wees om aan die bepalings van hierdie Verordening te voldoen, te voorsien.

(5) 'n Afvalhouer sal soos en wanneer nodig vervang word, met dien verstande dat waar sodanige afvalhouer vervang moet word as gevolg van diefstal of skade, veroorsaak weens die nalatigheid van die eienaar, sodanige eienaar aanspreeklik gehou sal word vir die koste om dit te vervang.

(6) Geen persoon mag enige afval wegdoen deur dit op enige ander plek as in die afvalhouer voorsien en goedgekeur deur die Munisipaliteit, te plaas nie.

(7) In die geval van 'n groepontwikkeling mag die Munisipaliteit minder afvalhouers per huishouding voorsien onderworpe aan die volgende voorwaardes—

(a) 'n sentrale vullis afhaafpunt moet deur die bestuursliggaam voorsien word;

(b) die bestuursliggaam moet skriftelik aansoek doen vir die vermindering van afvalhouers uitgereik aan die ontwikkeling;

(c) die verminderde getal afvalhouers moet deur die Munisipaliteit goedgekeur word; en

(d) die bestuursliggaam sal aanspreeklik gehou word vir die betaling van die afvalverwydering rekening gelykstaande aan die koste asof die voorgeskrewe hoeveelheid individuele afvalhouers wel bestaan.

(8) 'n Persoon wat die bepalings van subartikel (6) oortree of in gebreke bly om aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge subartikels (3) en (4) te voldoen begaan 'n misdryf.

### 13. Plasing van afvalhouers

(1) Die eienaar van persele moet voldoende ruimte op of aan die perseel voorsien waar 'n afvalhouer of ander houder vir die doel om afval agter te laat of 'n spesifieke kategorie van afval gehou word, en die ruimte moet —

(a) moet voldoen aan vereistes by kennisgewing deur die Munisipaliteit aan die eienaar opgelê;

(b) waar van toepassing, gebou wees in ooreenstemming met die vereistes van enige toepaslike bouregulasies en so geleë wees dat die afvalhouer of bak nie vanaf 'n straat of openbare plek sigbaar of onooglik is nie;

(c) waar toepaslik, so geleë wees om gemaklike toegang na en uitgang van sodanige ruimte vir 'n afvalverwydering voertuig te verleen; en

(d) in 'n ligging wees om gemaklik deur gebruikers of bewoners van die perseel gebruik te word sodat dit rommelstrooiing of ongesonde versameling van afval ontmoedig.

(2) In die geval van meer-verdieping geboue, mag die Munisipaliteit die installering van vullisgylgange van 'n goedgekeurde ontwerp en spesifikasie goedkeur, en onderworpe aan die voorlegging en goedkeuring van die planne vir sodanige installasie.

(3) Die eienaar van persele moet die afvalhouers plaas of bewerkstellig dat dit geplaas word in die ruimte voorsien en moet dit te alle tye daar hou.

(4) 'n Persoon wat 'n bepaling van subartikels (1) of (3) oortree begaan 'n misdryf.

### 14. Onderhoud van afvalhouers

(1) Die okkupeerder van 'n perseel moet verseker dat 'n afvalhouer anders as plastieksakke—

(a) te alle tye onderhou word in 'n goeie toestand en herstel;

(b) op 'n gereelde basis leeg en skoongemaak word wanneer vol, sodat die inhoud daarvan nie 'n steurnis raak of gronde vir klagtes voorsien nie;

(c) te alle tye wanneer afval nie daarin agtergelaat of daarvan verwyder word, beskerm word teen ongemagtigde verstoring of inmenging.

(2) Geen persoon mag 'n afvalhouer van enige perseel waaraan dit toegeken is verwyder of vernietig of beskadig nie, of toelaat dat dit verwyder, vernietig of beskadig word.

(3) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie artikel oortree begaan 'n misdryf.

#### 15. Afhaal van afval

(1) Die Munisipaliteit mag 'n posisie binne of buite die perseel aandui waar afvalhouers geplaas moet word vir die afhaal en verwydering daarvan en mag vereis dat sekere soorte afval, soos tuinafval, saamgebund of verpak en geplaas word in daardie posisie op die tye en vir 'n periode soos die Munisipaliteit mag vereis.

(2) Die Munisipaliteit sal op verwyderingsdae slegs afval wat in afvalhouers of ander houers deur dit goedgekeur, of wat saamgebund en verpak is op 'n wyse goedgekeur deur die Munisipaliteit, afhaal.

(3) Waar 'n spesifieke soort van afval soos bepaal deur die Munisipaliteit nie deur die Munisipaliteit by die perseel afgehaal word nie, moet die eienaar van die afval reëlings tref vir die afhaal en vervoer van die afval so dikwels as wat nodig mag wees om onbehoorlike versameling of enige steurnis wat daaruit voortspruit te voorkom, na 'n wegdoeningsterrein of prosesseringsperseel onder beheer van die Munisipaliteit, of na sodanige ander plek soos goedgekeur deur die Munisipaliteit.

(4) Die Munisipaliteit mag op verskillende tye besluit waarop bepaalde kategorieë van afval afgehaal word.

(5) Die Munisipaliteit mag—

(a) bewerkstellig dat verwyderings by gereelde periodes daaglik of andersins gedoen word, en mag verwydering datums verander;

(b) die getal verwyderings vermeerder soos wat dit nodig of wenslik mag ag; of

(c) addisionele verwyderings doen indien dit wenslik geag word.

(6) In die geval waar enige addisionele verwyderings deur die eienaar van persele vereis word, sal die addisionele verwyderings onderworpe wees aan die goedkeuring van die Munisipaliteit en enige addisionele verwydering moet deur die eienaar van persele waarvan die afval afgehaal word, betaal word teen die tarief wat jaarliks voorgeskryf word deur die Munisipaliteit.

(7) Die Munisipaliteit mag, by aansoek deur die eienaar van persele, alternatiewe reëlings goedkeur vir die verwydering van afval van sodanige persele.

(8) 'n Persoon wat die bepalinge van subartikels (1) of (3) oortree begaan 'n misdryf.

#### 16. Toegang tot persele

Tensy anders goedgekeur deur die Munisipaliteit, moet die eienaar van persele verseker dat toegang vanaf die naaste openbare pad na die afvalbergingsgebied op die perseel onafhanklik en onbelemmerd is, en 'n eienaar wat in gebreke bly om dit te doen begaan 'n misdryf.

#### 17. Reg van toegang

(1) Enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit is geregtig om persele ten opsigte waarvan die Munisipaliteit se afvalbestuursdiens gelewer word op enige redelike tyd op enige dag, of op enige ander tyd waarop die diens gewoonlik gelewer word, binne te gaan vir enige van die volgende doeleindes—

(a) vir afhaal en toesighouding van die afhaal van afval;

(b) om afvalhouers te vervang; of

(c) om die wyse van toegang tot die perseel of die ruimte waar afvalhouers gehou word te inspekteer, ten einde te verseker dat dit toeganklik en gemaklik vir die afhalers is.

(2) Die eienaar van 'n perseel mag nie toegang tot die perseel deur 'n behoorlik gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit weier nie, en sodanige werknemer moet op versoek sy identiteit toon.

(3) 'n Eienaar van persele begaan 'n misdryf wanneer hy of sy—

(a) toegang tot die perseel aan 'n gemagtigde beampte van die Munisipaliteit in die uitoefening van sy of haar pligte, weier; of

(b) sodanige werknemer belemmer of hinder in die uitoefening van sy of haar pligte.

#### 18. Storting en rommelstrooiing

(1) Geen persoon mag—

(a) behalwe met toestemming van die eienaar of van die persoon of owerheid wat beheer daaroor het; of

(b) tensy gemagtig deur wet om dit te doen, enige afval hoegenaamd stort, versamel, plaas, aflaai of laat, hetsy vir wins of andersins, of veroorsaak of toelaat om gestort, versamel, geplaas, afgelaai of gelaat te word op of in—

(i) enige pad, snelweg, straat, laan, openbare voetpad of sygaardjie of enige padgrens;

(ii) enige meentgrond, dorpstuijn, park, ontspanningsgrond of ander openbare plek waartoe die publiek toegang het;

(iii) enige drein, waterweg, vloedliggende gebiede, gety of ander water in of aangrensend tot enige sodanige pad, snelweg, straat, laan, openbare voetpad of sypaadjie, padrand of ander openbare plek waartoe die publiek toegang het; of

(iv) privaat of munisipale grond.

(2) Indien enige persoon enige van die handelinge beoog in subartikel (1) verrig, mag die Munisipaliteit by skriftelike kennisgewing enige van die volgende persone vereis om die afval binne die periode gemeld in die kennisgewing mee weg te doen, te vernietig of te verwyder:-

(a) die persoon direk of indirek verantwoordelik vir die storting, versameling, plasing, aflaai of laat van die afval;

(b) die eienaar van die afval, ongeag of hy of sy verantwoordelik is vir die storting, versameling, plasing, aflaai of laat van die afval, al dan nie; of

(c) die eienaar van die perseel waarop die afval gestort, versameling, geplaas, afgelaai of gelaat is, ongeag of hy of sy daarvoor verantwoordelik is, al dan nie.

(3) Indien 'n persoon versuim om aan die vereistes van 'n skriftelike kennisgewing te voldoen, mag die Munisipaliteit die afval mee wegdoen, vernietig of verwyder en mag die koste daarvan van die persoon of persone aan wie die kennisgewing uitgereik is, verhaal.

(4) Indien afval afgelaai is in of op enige grond in stryd met subartikel (1) en—

(a) ten einde besoedeling van grond, water en lug of skade aan menslike gesondheid uit te skakel of te voorkom, dit nodig is dat die afval onmiddellik verwyder of ander stappe geneem word om die gevolge van die aflaai te elimineer of te verminder of beide; en

(b) daar geen okkupeerder van die grond is nie; of

(c) die eienaar nie die aflaai gedoen of wetende die aflaai van die afval toegelaat het nie, mag die Munisipaliteit die afval mee wegdoen of ander stappe neem om die gevolge van die aflaai te elimineer of te verminder en is geregtig om die koste aangegaan te verhaal—

(i) van die eienaar van die grond tensy hy of sy bewys dat hy of sy nie die aflaai gedoen of wetende veroorsaak of wetende die aflaai van die afval toegelaat het nie; of

(ii) van enige persoon wat die aflaai gedoen of wetende veroorsaak of wetende die aflaai van enige van die afval toegelaat het.

(5) Enige afval wat deur die Munisipaliteit verwyder word behoort aan die Munisipaliteit en mag mee gehandel word soos die Munisipaliteit goeddink.

(6) 'n Persoon wat die bepalinge van subartikel (1) oortree begaan 'n misdryf.

#### 19. Verbranding van afval

Geen persoon mag afval sonder die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit brand nie.

#### 20. Koste

(1) Die gebruiker is aanspreeklik vir alle koste bepaal ingevolge die tariefbeleidverordening van die Munisipaliteit vir die verwydering van afval van persele of die storting van afval by 'n wegdoeningsterrein onder beheer van die Munisipaliteit.

(2) Verhaling van koste verskuldig aan die Munisipaliteit word hanteer in terme van die Munisipaliteit se verordening insake kredietbeheer en skuldinvordering en die beleid in die verband.

#### 21. Vrystellings

(1) 'n Persoon mag by wyse van 'n skriftelike aansoek, waarin die redes volledig gegee word, by die Munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van enige bepaling van hierdie Verordening.

(2) Die Munisipaliteit mag—

(a) 'n vrystelling skriftelik toestaan en die voorwaardes ingevolge waarvan, indien enige, en die periode waarvoor sodanige vrystelling toegestaan is, moet daarin gemeld word;

(b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer; of

(c) weier om 'n vrystelling toe te staan.

(3) 'n Vrystelling tree nie in werking voordat die aansoeker skriftelik ondemeem het om aan al die voorwaardes deur die Munisipaliteit opgelê ingevolge subartikel (2) te voldoen nie, met dien verstande dat die vrystelling verval indien 'n aktiwiteit 'n aanvang neem voordat sodanige onderneming aan die Munisipaliteit voorgeleë is.

(4) Indien enige voorwaarde van 'n vrystelling nie nagekom word nie, verval die vrystelling onmiddellik.

## 22. Skakelforums in gemeenskap

- (1) Die Munisipaliteit mag een of meer skakelforums in die gemeenskap instel vir doeleindes om—
- (a) omstandighede vir 'n plaaslike gemeenskap te skep om deel te neem aan die sake van die Munisipaliteit; en
  - (b) die afvalbestuursaktiwiteite van die Munisipaliteit te bevorder.
- (2) 'n Skakelforum mag bestaan uit—
- (a) 'n lid of lede van 'n belangegroep of 'n geaffekteerde persoon, in die gees van artikel 2(4) (f) tot (h) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998);
  - (b) 'n lid of lede van 'n gemeenskap in wie se onmiddellike gebied 'n vaste afval wegdoeningsterrein bestaan of ingestel mag word;
  - (c) 'n aangewese beampte of beamptes van die Munisipaliteit;
  - (d) 'n raadslid; en
  - (e) sodanige ander persoon of persone wat die Munisipaliteit mag besluit.
- (3) (a) Die Munisipaliteit mag, wanneer 'n aansoek om toestemming, permit of vrystellingsertifikaat ingevolge hierdie Verordening, waar toepaslik, oorweeg word die insette van 'n skakelforum versoek.
- (b) 'n Skakelforum, persoon of persone beoog in subartikel (2), of enige ander persoon mag, op eie inisiatief, met inagneming van artikel 31 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 'n inset aan die Munisipaliteit vir oorweging voorsien.

## 23. Magtiging en betekening van bevele, kennisgewings en ander dokumente

- (1) 'n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat magtiging deur die Munisipaliteit vereis, moet behoorlik deur die Munisipale Bestuurder geteken word en sal geag behoorlik uitgereik te wees indien dit geteken is deur die Munisipale Bestuurder.
- (2) 'n Kennisgewing of ander dokument wat op 'n persoon beteken word ingevolge hierdie Verordeninge, word as beteken geag—
- (a) wanneer dit persoonlik aan daardie persoon gelewer is;
  - (b) wanneer dit by daardie persoon se woonplek of sakeperseel binne die Republiek gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik ouer as sestig jaar is, maar slegs indien dit onmoontlik is om op die persoon self te beteken;
  - (c) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woon- of sakeadres binne die Republiek versend is en 'n erkenning van so 'n versending van die posdienste verkry is;
  - (d) indien so 'n persoon se adres binne die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger binne die Republiek beteken is op die wyse soos voorsien in paragrawe (a), (b) of (c);
  - (e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger binne die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het, geplaas is, maar slegs indien dit onmoontlik is om op die persoon self te beteken; of
  - (f) in die geval van 'n beheerliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor van die sakeperseel van sodanige beheerliggaam gelewer is;
- (3) Betekening van 'n afskrif word geag die betekening van die oorspronklike te wees.
- (4) Enige regsproses word effektief en voldoende op die Munisipaliteit beteken wanneer dit aan die munisipale bestuurder of 'n persoon aanwesig in die kantoor van die munisipale bestuurder, gelewer is.

## 24. Appèl

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit van die Munisipaliteit mag teen sodanige besluit appelleer ingevolge artikel 62 die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, (Wet 32 van 2000) deur skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor binne 21 dae vanaf die datum van bekendmaking van die besluit, aan die munisipale bestuurder te gee.

## 25. Strafbepalings

- (1) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie Verordening, pleeg 'n misdryf en kan by skuldigbevinding—
- (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of sodanige boete of gevangenisstraf, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en
  - (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of 'n bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige bykomende boete en gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur; en

- (c) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat die hof bevind deur die Munisipaliteit aangegaan is weens sodanige oortreding of versuim.
- (2) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien hy of sy—
- (a) 'n werknemer of kontrakteur van die Munisipaliteit in die uitvoering van enige magte of die verrigting van enige funksie of plig ingevolge hierdie verordening dreig, teenstaan, hinder, belemmer of hom of haar andersins pla of vuil taal of skeltaal teenoor hom of haar gebruik; of
- (b) hom of haar as 'n werknemer of kontrakteur van die Munisipaliteit voordoën.

**26. Herroeping van verordeninge**

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die Munisipaliteit of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, afgekondig is, word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie Verordening voorsiening gemaak word.

**27. Kort titel en inwerkingtrede**

Hierdie Verordening staan bekend as die Swellendam Verordening insake Vullisverwydering, vullishope en die wegdoen van vaste afvalstowwe en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.